# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

1969 to 2029 ECHO OF HIS CALL SINCE 1969

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XIX** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 FEBRUARY **No. 08**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALMS 34:16-23**

16. Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep.
17. Maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen en vee selfs die herinnering aan hulle van die aarde af.
18. As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede.
19. Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.
20. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.
21. Die Here sorg vir die hele liggaam van die regverdige: geen been word gebreek nie.
22. Die kwaad wat die goddelose doen, bewerk sy eie ondergang: vir sy vyandskap teen die regverdige sal hy boet.
23. Die Here maak sy dienaars vry. Wie by Hom skuil, sal nie as skuldige behandel word nie.

# ALGEHELE OORGAWE SAL LEI TOT OORVLOEDIGE SEËN!

YOUR COMPLETE SURRENDER WILL LEAD TO ABUNDANT BLESSINGS!

*Sus. Angeline*





Groete in die kosbare Naam van ons Heer Jesus Christus.

Ek vertrou en bid dat Januarie vir jou baie geseënd was as begin van die jaar. Januarie kan vir baie 'n uitdagende maand wees op verskeie maniere. My gebed is dag God se vrede, genade en krag jou steeds sal onderhou op jou reis in 2026.




Goed begin is half gewin, maar hoe jy gaan eindig is meer belangrik. Ek bid dat die Here hierdie jaar vol vrug en oorwinnend sal maak in Christus Jesus, en dat die einde van 2026 meer glorieryk en geseënd sal wees as die begin.

...verv. op.bls. 3




Echo of His Call

***Christelike YouTube Kanaal!***

**Elke dag 2 minuut-boodskap deur**

**Past. S. Sam Selva Raj!**

**in Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**en**

**Tamil & Engelse Boodskap & Gebed**

**Sondag 8.30 vm. & 6.00 nm.**

★ Asseblief, Skryf in en Stuur aan ★

# ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)

Estd. 1969

## *van julle geliefde broer...*





### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**HON. EDITOR-IN-CHIEF**

Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

**EX MANAGING EDITOR**

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**GENERAL MANAGER**

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

**ADMINISTRATION**

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

**EDITORIAL BOARD**

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.



**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

**E.MAIL**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


## Die Here maak jou die kop en nie die stert nie

- Deuteronomium 28:13

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle almal in die kosbare Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus!

Die Here het in goeie guns al ons bedienings die afgelope maand geseën. Vir die huidige maand het ons heelwat buite en plaaslike bedienings wat voltooi moet word.



*Kersfunksie by St. Paul Matrikulasieskool*

Dr. P. E. R. Premchand, ons Sekretaris, het die Woord bedien by die Kersfunksie, gehou by **St. Paul Matrikulasieskool.** Verder is verskeie bedienings gedoen in Desember deur die studente van ons **Nehemia Bybelkolleges** en die gelowiges van ons Kerk.



*YouTube Bedieningspan*

Verlede jaar het ons beduidende groei gesien in ons YouTube-bediening. Baie mense oor die wêreld is geseën deur hierdie boodskappe. Ons versoek nederig julle gebede vir ons personeel wat getrou in hierdie diens betrokke is.

Ons het ook 'n verdere Hindi-bediening in ons Kerk afgeskop, spesiaal vir die Hindi-sprekende migrasie-werkers. Elke Woensdag om 7:00 nm. word daar Hindi gebedsbyeenkomste gehou. Ons vra ook ernstig julle gebede vir hierdie betekenisvolle en noodsaaklike bediening.

Onthou asseblief al ons bedienings en kantoorpersoneel in julle gebede, want hulle dien steeds ywerig ten spyte van allerlei moeilikhede en uitdagings.

Al ons bedienings vorder deur julle waardevolle gebede en goedwillige ondersteuning.

Mag die genade van God by julle almal wees. Amen!

In Christus Jesus, julle broer,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*

E-pos: : sam@echoofhiscall.org

... verv. van bls. 1

## 'N KONING WAT GOED BEGIN HET MAAR SLEG GEËINDIG HET!

Hierdie waarheid herinner my aan koning Amasia wat sterk weggetrek het, maar sy einde was tragies. Die Bybel wys die rede duidelik:

**Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie met sy hele hart nie** (2 Kronieke 25:2)

## Wie was Amasia?

- Hy was die seun van koning Joas wat koning geword het toe hy net 7 jaar oud was
- Hy was die negende koning van Juda



*9de Koning van Juda*

- Sy verhaal is beskryf in 2 Konings 14 en 2 Kronieke 25.

Die Bybel vertel iets opmerklik, maar tog ook sorgwekkend.

**Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie heelhartig nie.**

- Wat beteken dit om God te dien met 'n getroue hart?
- Is dit moontlik om voor God reg te doen maar tog nie ten volle toegewyd te wees nie?
- Kan ons God uiterlik dien terwyl ons harte verdeeld bly?

Amasia is een van die tragiesste konings in die Bybel, nie omdat hy boos was nie, maar omdat hy amper goed was, deels gehoorsaam, half-hartig.

- Hy was gehoorsaam
- Hy het goed gedoen
- Hy het God se bevele gevolg

Maar sy hart was nie ten volle oorgegee nie.

Dis nie net Amasia se verhaal nie, maar die verhaal van baie gelowiges vandag. Ons bemin God. Ons volg Hom. Maar daar is dele van ons lewens wat ons vir Hom verbode hou.

Ons mag wel:

- Kerk bywoon
- Getrou dien
- Gee vir liefdadigheid
- Mense in nood help
- Grotendeels gehoorsaam

Maar die groot vraag bly:

Waar is jou hart voor God?

Ma pa het gereeld gesê: "Deels gehoorsaam is totaal ongehoorsaam."

Aan die begin van hierdie jaar moet ons vra of as ons 2026 goed wil klaarmaak:

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

“Doen ek wat reg is MET of SONDER 'n toegewyde hart?”

## Lesse uit Amasia se Lewe!

Ek oordink graag die lewens van Juda en Israel se konings. Hulle verhale is goeie lesse en spieëls vir ons eie lewens.







*Amasia begin goed maar eindig sleg*

Amasia begin goed, maar iets het verkeerd gegaan langs die pad, en dit het ernstige gevolge gehad.

## 1. TOEWYDING!

## Amasia Begin Goed!

*(2 Kronieke 25:1–10)*

**Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie heeltemal soos sy voorvader Dawid gedoen het nie; hy het alles gedoen wat Joas, sy pa, gedoen het.** (2 Konings 14:3).



*Amasia het nie gedoen soos Dawid nie, maar alles gedoen wat sy pa Joas gedoen het*

Amasia het sterk begin en gehoorsaamheid gewys in verskeie areas:

### (A) Gehoorsaamheid aan God se Woord en Reg!

Toe hy op die troon gekom het, het hy sy pa se moordenaars laat teregstel. Maar, hy het nie hulle kinders ook laat doodmaak nie, soos God se wet bepaal:

**... kinders mag nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie.** (Deuteronomium 24:16).

**Dit het moed gevra. Hy kon gevrees het vir weerwraak, maar het gehoorsaamheid gekies** (2 Konings 14:6). **Anders as koningin Atalia** (2 Konings 11:1) wat al die moontlike erfgename doodgemaak het. Amasia het God se wet gevolg. Hy het goed begin.

### (B) Gehoorsaam ten spyte van Persoonlike Verlies!

Amasia het 100,000 soldate by Israel gehuur, 'n duur belegging. Toe die profeet sê hy moet hulle nie gebruik nie, vra hy die groot vraag:



*Maar wat van die drie en 'n half ton silwer wat ek betaal het?*

**“En wat dan van die drie en 'n halwe ton silwer wat ek ... betaal het?”** (2 Kronieke 25:9).

En die profeet antwoord:

**“Die Here kan u meer as dit gee.”** (2 Kronieke 25:9).



*Amasia het die soldate huis toe gestuur*

....verv. op.bls. 6

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1989

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE - 2026 Februarie 19 Tot 2026 Maart 18**



(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Februarie 19** ➲ 'n Wonderlike Mediaspan wat ons help met onversteurde uitsendings van ons **Echo of His Call YouTube-kanaal**.

**Februarie 20** ➲ Sy seën met morele en geldelike ondersteuning van ons vennote.

**Februarie 21** ➲ Genade dat ons die 2026 Maandkalender en Beloftekaart kon druk en versprei.

**Februarie 22** ➲ Seën oor ons Spesiale Kersfees- en Nuwejaarprogramme by **Nehemia Bybelkolleges** en **St. Paul Matrikulasieskool**.

**Februarie 23** ➲ Die jeug se geseënde entoesiasme om deel te neem aan al ons kerklike aktiwiteite.

**Februarie 24** ➲ Seën oor ons Media bediening en **Echo of His Call YouTube** Kanaal om veeltalige groepe mense oral te bereik.

**Februarie 25** ➲ Sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Februarie 26** ➲ Seën oor ons Kerk-bediening sodat dit meer georganiseerd kan werk.

**Februarie 27** ➲ Beskerming oor ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

**Februarie 28** ➲ Sy seën op ons **Echo of His Call** personeel en hul gesinne met goeie gesondheid en goddelike beskerming.

**Maart 01** ➲ Die groei by ons **Bybel Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Maart 02** ➲ Die krag van God se Woord wat wys in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en Susterkerke.

**Maart 03** ➲ Die vermoë om ons tydskrif in 16 tale te kan druk met ons drukpers en te versprei na die sendingvelde.

**Maart 04** ➲ Seën oor ons **St. Paul Matrikulasieskool** se Hoof, Onderwysers en ander personeellede.

## Bid asseblief vir ...

**Maart 05** ➲ Christen predikers om God se Woord goed en onvervals te verkondig.

**Maart 06** ➲ Toelating van verdienstelike studente vir ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkolleges** vir die 2026-27 akademiese jaar.

**Maart 07** ➲ Toelating van nuwe studente vir ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2026-27 akademiese jaar.

**Maart 08** ➲ Kinders en jongmense van die nasies dat hulle Jesus Christus as persoonlike Verlosser sal aanneem.

**Maart 09** ➲ Ons Mederedakteurs en hulle gesinslede.

**Maart 10** ➲ Gesondheid en vrede vir ou mense in versorgingsoorde.

**Maart 11** ➲ Die 10[de] klas studente van ons **St. Paul Matrikulasieskool** dat hulle uitstaande resultate kan behaal in die eindeksamen.

**Maart 12** ➲ Ons **Echo of His Call YouTube** kort boodskappe dat dit onbereikte mense sal bereik.

**Maart 13** ➲ Die suksesvolle voltooiing van die graduering van studente van ons **Nehemia Bybelkollege**.

**Maart 14** ➲ God se voortgaande guns in die lewens van ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Maart 15** ➲ Goddelike beskerming van wêreldlande teen oorlog.

**Maart 16** ➲ Goddelike beskerming van sendingwerkers oor die aarde.

**Maart 17** ➲ Sy seën oor alle lande en hul ekonomiese ontwikkeling.

**Maart 18** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle bose magte.

## HOOFKERK SE PROGRAMME

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

... verv. van bls. 4

Gehoorsaamheid was baie duur, maar Amasia het geluister, die soldate huis toe gestuur en God vertrou.

Gehoorsaam wees is altyd duur, maar ongehoorsaamheid kos baie meer.

Hier het Amasia godvresend gelyk, en God het hom daarvoor geëer. Maar die Woord waarsku ons: “Hy het reg gedoen, maar nie heelhartig nie.”

## (C) Toewyding Sonder Volle Oorgawe!

Amasia was nie boos of rebels nie. Hy het sy godvresende pa Joas gevolg, maar nie soos Dawid wat God heelhartig gedien het nie. Hy het goed begin, maar God soek nie goeie beginners nie, maar goeie klaarmakers. Amasia het reg gedoen maar met 'n onvolkome hart.

Die Hebreeuse woord “shalem” beteken heel, onverdeeld, kompleet, oorgegee. Amasia se



*'Shalem' beteken voluit oorgegee*

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

HAAS JOU VIR TOELATING! Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Diploma in Theology & Bachelor of Theology

Medium :Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

**Bid asb. vir**

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

probleem was halwe gehoorsaamheid. Hy het God uiterlik gevolg maar dele van sy hart was onaangeraak.

Liewe broers en susters, dit is moontlik om:

- Tiendes te gee
- Getrou te dien
- Moreel te lewe

maar tog vas te hou aan trots, onvergifnis, wellus, skinder, geheime sondes, self-regering. Uiterlike gehoorsaamheid sonder innige oorgawe lei tot geestelike leegheid. Mens behoort diep gewortel te wees en vrug te dra.



*'n Mens moet diep gewortel wees en vrug te dra*

## 2. SKIKKING!

### Wat Hy Toegelaat Het, Het Hom Vernietig!

*(2 Kronieke 25:11–16)*

**Hy het nie van die hoogtes ontslae geraak nie ...** (2 Konings 14:4). Amasia het behou wat hy moes vernietig het. Skikking of kompromie begin gewoonlik klein, maar wat ons nóú toelaat gaan ons later oorheers.

### (A) Trots na Oorwinning!

**Toe Amasia van sy oorwinning oor die Edomiete af terugkom, het hy hulle afgodsbeelde saamgebring en die beelde vir homself opgestel as gode. Hy**

## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordin ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## HY HET MY ONTHOU IN MY VERNEDERING!

**Hy het aan ons gedink in ons vernedering. Sy goedheid duur vir ewig - (Psalm 136:23)**

Tydens die begin van my bediening het ek by 'n vriend se gesin in 'n vreemde land gebly vir 'n paar dae. Hulle het my voorsien van die nodige en my verblyf daar gemaklik gemaak.

Een aand het die vriend in my kamer ingekom en gesê: "Ek voel jy het tot God gebid oor een of ander spesifieke behoefte. Mag ek weet waaroor dit gaan?"

Nou, verduidelik dit vir my! ... Ek antwoord toe: "Ons het ons **Echo of His Call** tydskrif gedruk met ander drukperse. Omdat ons dit baie moeilik vind om dit betyds uit te gee, bid ek met 'n groot las vir 'n vlakdrukpers." Hy antwoord toe dat hy ook vir hierdie saak sal bid.

Die volgende dag kom my vriend en sy vrou my tegemoet net toe ek wou uitgaan vir bediening. Hy wys toe vir my dokumente, onder andere hulle aansoek en verklaring aan 'n bank, waarin hulle besluit het om 'n verband op hul huis te neem vir 'n groot bedrag, waarmee hulle die masjien wat ons nodig het vir die **Echo of His Call** bedienings wou koop.

Ek was geskok en ontsteld in my gees en sê baie ferm vir hulle: "Ek sal nie geld aanvaar wat julle as 'n lening by die bank kry nie."

Hulle was verbaas oor my houding en het my gemerk as iemand "wat nie weet hoe om in die wêreld te oorleef nie." Hulle het my probeer oorreed om die aanbod te aanvaar, maar ek het gebly by my besluit en aangehou bid.

Na 'n paar dae is ek terug na Indië. Die Here het die harte van my arm Indiese vriende aangemoedig en met die gawes wat hulle soms vir my gegee het kon ek 'n goeie vlakdrukpers koop.

Ek het beleef en gesmaak dat die Here goed is (Psalm 34:9). Die Here se genade hou my vas volgens Spreuke 28:20 - **'n Betroubare man is baie voorspoedig; ...**

Al het die **Echo of His Call** bediening nie 'n gereelde en bepaalde inkomste nie, voorsien die Here in al die behoeftes deur ons geloof in Hom. Alle eer en heerlikheid aan Hom. Amen!

*************



***Amasia het hul afgodsbeelde saam gebring en hulle vereer***

**het hulle vereer en vir hulle offerandes gebring.** (2 Kronieke 25:14). Dink bietjie na hieroor:

God gee hom die oorwinning

- Hy word trots daarop
- Onderskeiding verdwyn
- Skikking volg

Hy buig voor die gode van 'n verslane vyand. Dit is hoe misleidend sonde is.

### (B) Verwerp Teregwysing!

Vroeër het Amasia teregwysing aanvaar. Nou, baie trots, verwerp hy dit.

**"Waarom dien jy gode wat nie hulle eie volk uit jou hande kon red nie?"** (2 Kronieke 25:15). Maar Amasia reageer arrogant: **"Is jy aangestel as raadgewer van die koning?"** (2 Kronieke 25:16).

Wat 'n verskil in sy houding! Sodra ons nie meer na God se teregwysing luister nie, begin ons afdaal na vernietiging.

Hy het geluister toe dit gerieflik was, maar toe gehoorsaamheid ongemaklik raak, verwerp hy dit. Dis nie sonde wat ons eerste vernietig nie, maar jou weiering om God se rigtingwysing

te aanvaar. My gebed vir die jaar is dat God ons sal help om sy stem te hoor, elke tree, en dat ons getrou saam met Hom sal wandel.

**Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: "Hier is die pad, loop hierlangs."** (Jesaja 30:21). Maar bowenal moet ons maar leer om voluit oor te gee en te luister na sy begeleidende stem.

## (C) Skikking het gelei tot trots, rebellie en blindheid!

Kompromie maak 'n gevaarlike kettingreaksie los:

- Trots
- Afgodery
- Verwerping van raad
- Vals selfvertroue
- Ignorering van waarskuwings
- Dwase besluite

Toewyding sonder oorgawe lei altyd tot kompromie.

# 3. GEVOLGE!

## Wat jy nie Oorgee nie, sal jou Vernietig!

*(2 Kronieke 25:17–28)*

## (A) 'n Oorlog Wat God Nie Goedgekeur Het Nie!

Trots op sy sukses daag Amasia toe Israel se koning uit vir oorlog. God was nie saam met hom nie!

Vertroue sonder God is gevaarlik. Hy het aanvaar dat sukses 'n bewys was van God se goedkeuring. Israel se koning waarsku hom toe met 'n gelykenis, maar Amasia ignoreer dit. As iemand se hart nie aan God oorgegee is nie, luister hy na niemand meer nie, selfs nie na 'n God-gestuurde nie.

## (B) Miskenning van Wyse Waarskuwings!

Selfs die vyand het Amasia se trots opgemerk: **Jy dink noudat jy vir Edom verslaan het, kan jy meer roem soek. Bly liewer by die huis** (2 Kronieke 25:19). Wanneer trots ons verblind vir die waarheid, luister ons nie eens na gesonde verstand nie. Mag die Here ons weerhou van hierdie dwaasheid.

## (C) Totale Neerstort vir Amasia!

Omdat hy geskik het, is sy weermag verslaan:



***Jerusalem se muur was stukkend***

- Jerusalem se muur is afgebreek
- Die tempel is geplunder
- Hy is gevang
- Sy lewe eindig in vernedering en sameswering

Die man wat toegewyd begin het, eindig totaal gebroke. Waarom?

Want hy het reg gedoen, maar nie heelhartig nie.

Hulle val bietjie vir bietjie, deur klein skikkings.

Toewyding ----- Kompromie ----- Gevolge

## Laaste Oproep: Kies Volle Oorgawe!

Liewe vriende, God eis nie so seer volmaaktheid nie, maar Hy hou van heelhartige toewyding. Toewyding is goed:

- Halfhartige oorgawe is gevaarlik
- Skikkings word meer en meer
- Gevolge sal beslis kom

Uit suiwer liefde en genade roep ons: "Hoekom afdraai na wat nie kan red nie? Kom terug. Gee heeltemal oor."

Jesus het sy lewe op die kruis gegee sodat jy en ek in volle oorgawe kan lewe. "Kom terug. Gee heeltemal oor."

Terug na God toe – Hy wag met oop arms. Moenie op die gladde pad van Amasia loop wat hom verlei het nie. Juis hiervoor het Jesus na die wêreld gekom en sy lewe op die kruis by Golgota gegee ... om jou en my te bevry.

### Kom Ons Dink Na

- Is ons plek-plek toegewyd, maar ander plekke maak ons skikkings?
- Watter "hoogtes" het ons nie afgebreek nie – bitterheid, geheime gewoontes, verslawings, ...?
- Watter deel van jou hart is nie voluit getrou aan God nie?

Kom ons bid en span ons in om 2026 goed te eindig deur te doen wat reg is voor God, met ons hele hart.

*************

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones. - Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"**
**on 4th FEBRUARY 2026**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**